**MEDIAVERKLARING**
**Vir onmiddellike publikasie**
**17 November 2015**

## VOORLEGGINGS INGEWAG VIR 2016 JAN RABIE-RAPPORTPRYS VIR DEBUUTROMANS

Voorleggings word ingewag vir die 2016 Jan Rabie-Rapport Boekprys. Die prys, wat deur *Rapport* en Media24 Boeke geborg word, word jaarliks toegeken vir ’n Afrikaanse debuutroman wat in die voorafgaande kalenderjaar uitgegee is. Die doel is om nuwe skrywers aan te spoor om Afrikaanse prosa van gehalte te lewer, nuwe stemme met belofte te ondersteun, en vernuwing te erken.

Die prys is oop vir alle uitgewers van Afrikaanse fiksie. Die prysgeld beloop R35 000.

Slegs volwasse Afrikaanse debuutromans wat vir die eerste keer tussen 1 Januarie en 31 Desember 2015 gepubliseer is, kom in aanmerking vir die prys. Selfpublikasies word nie aanvaar nie.

Boeke moet oorspronklik in Afrikaans geskryf wees en moet die skrywer se eie, oorspronklike werk wees. Geen vertalings of verwerkings word aanvaar nie.

Boeke wat slegs as e-boeke verskyn het word aanvaar vir voorlegging en moet in PDF-formaat verskaf word.

Die sluitingsdatum vir inskrywings is Donderdag, 10 Desember 2015.

Rig navrae aan die sameroeper, Anita van Zyl, by 021 422 3350 of anita@vanzylpr.co.za.

EINDE

Uitgereik deur:
Anita van Zyl
Sameroeper: Jan Rabie-Rapportprys 2016
Tel: 021 422 3350
Sel: 083 709 6677
E-pos: anita@vanzylpr.co.za